Weekbrief
Primêre Skool Jim Fouché

WB 7 AUG 2009

Na die erge koue wat ons die afgelope tyd belewe het, is ons dankbaar dat die koue nou 'n bietjie skiet gegee het. ***Hiermee wil ons 'n beroep op ons ouers doen om toe te sien dat u kind/kinders, wat na skool op die terrein bly, asseblief 'n kospakkie/broodjie ens. vir die middag het.*** Onthou ook dat die nasorg-dames net tot 17:30 op die perseel is. Indien u later as dit u kind/kinders kom afhaal, sal daar geen volwasse toesig vir hulle wees nie.

OUERAAND : 11 AUGUSTUS 2009

Ons herinner u graag aan ons Oueraand wat op 11 Augustus om 18:00 in die skoolsaal gaan plaasvind. Daar sal ook vanaf 18:50 tot 20:00 geleentheid wees vir klasbesoek. Maak vroegtydig 'n afspraak by die opvoeders wat u wil besoek rakende u kind se akademie.

FINANSIëLE OORLEWING

Deur vir elke lid van die gesin 'n kospakkie in te pak skool of werk toe, sal ook 'n groot besparing meebring. 'n Vrug in plaas van 'n sjokolade stafie is goedkoper en ook gesonder. Beplan jou ritte deeglik, moenie net vir 'n brood supermark toe ry nie. Beplan ook jou maaltye vooraf sodat jy nie elke dag winkel hoef te gaan en dan iets onnodig koop nie. Moet ook nie supermark toe gaan as jy honger is nie, niemand kan die versoeking weerstaan om 'n kitskossie te koop nie vir 'n kol op die maag nie. Vermy wegneemetes en berei maaltye self voor, dis meer bevredigend.

Ouers, die skool het die skoolfonds broodnodig, hou rekeninge asseblief op datum. Indien u nasorg rekening agterstallig raak het ons geen keuse as om u kind die nasorg te weier nie. Die skool kan nie funksioneer sonder die nodige fondse nie. Ons maak staat op u lojale samewerking.

VOORTREKKERS

Baie dankie aan die Graad 6 en 7 Voortrekkers wat Vrydagaand, 24 Julie aan die jaarlikse Mara Theron Aksiekrieket deelgeneem het. Julle het voorwaar 'n groot opoffering gemaak terwyl die ander maatjies lekker warm geslaap het. Dit was 'n deurnag toernooi en een van ons koudste nagte in Bloemfontein hierdie winter. Die mooi bedrag van ± R30 000,00 wat ingesamel was, is aan Kansa geskenk.

Dankie aan mnr. Piet en tannie Zetta wat die kinders vergesel het.

FEES VAN MUSIEK

Dit is weer tyd vir ons seniorkoor se jaarlikse optrede tydens die "Fees van Musiek". Dié optrede vind op 17 Augustus om 18:00 in die stadsaal plaas. Pieter Smit gaan as gaskunstenaar optree. Kaartjies teen R43 per persoon, is by mnr. Chester Meyer beskikbaar.

SAND DU PLESSIS REVUE

Ons is baie opgewonde, want ons Pom-poms het vir die Revue-fees van Sand du Plessis Hoërskool ingeskryf. Hulle tree Dinsdag, 18 Augustus, in die Sand du Plessis-Teater op.

Kaartjies teen R70,00 per persoon is by PACOFS beskikbaar.

✉ 32019,
Fichardtpark 9317.

☎ 051-522 5951
051-522 7031

🖷 051-522 0681
jfprimer@saschools.co.za

www.psjf.co.za

Kwaliteit onderrig vir 'n beter toekoms

GESOEK : VERF VIR DIE PADDOCKS

Indien u oor enige oorskietverf beskik en u weet nie wat om daarmee te doen nie, neem ons die vrymoedigheid om vir u te vra om dit aan die skool te skenk.

Ons Paddocks moet opgeknap word en daarvoor het ons verf nodig. Kontak asseblief die skool indien u vir ons van hulp kan wees.

HOKKIE NUUS

Hiermee wil ons net ons ouers inlig dat ons genoodsaak was om die R10, wat ons spelers vir die Eunice hokkiefees betaal het, aan hulle oor te betaal. Al het die wedstryde uitgereën, moes hulle nog hulle onkostes dek wat vooraf aangegaan is.

KITSPROJEK

Baie dankie aan al ons leerders en hulle ouers vir julle goeie gesindheid tydens die duur van die Kitsprojek. Dankie aan al die leeders wat vir juf. Carina met die maak van die boekies gehelp het. Tannie Anna-Marie - baie dankie. Julle is voorwaar J.F. Staatmakers.

NUUS UIT DIE KOEIKAMP

Hou hierdie spasie dop, want 'n koei is 'n dier met 'n drop. (Ha-ha).

Die eerste week van ons koeiprojek is amper reeds geskiedenis. Dankie aan elke leerder en ouer wat ons in hierdie verband ondersteun.

Leerders wat hulle eerste boekies verkoop het, ontvang 'n bottel "koei towerwater" en 'n pakkie melkbottel-lekkers as aansporing om 'n tweede boekie te verkoop.

Indien 'n tweede boekie verkoop word, ontvang die leerders 'n "koei-hamburger". (Dis 'n lekker mondvol).

Vir die huidige is bogenoemde dié verrassings wat ons in die "speenlyn" vir u het.

Aangesien 'n koei nie op een slag uitgemelk moet word nie, het ons dit goed gedink om volgende week nog pryse wat gewen kan word, aan u bekend te maak.

ONS Sê WEER:

HOU HIERDIE SPASIE DOP!!!!!!!!!!

SEWE MAN RUGBY

Die 0/13 rugbyspan het hulle laaste laerskool wedstryde, met 'n 7- aan- 'n-kant- toernooi, wat jaarliks aangebied word, gespeel.

J.F. se span het puik presteer en in die finaal van die bekerkompetisie, gespeel.

Ongelukkig was ons skopper beseer en het ons na 'n puik wedstryd 36-30 teen Fichardtpark verloor.

Altwee spanne het baie goed gespeel en 6 drieë elk gedruk.

Mnre. Piet van Vuuren en Pierre du Toit is baie trots op ons seuns se prestasie. Sterkte met julle rugbyloopbane in die hoërskool.